

DIE REGSPLEGING IN DIE VRYSTAATSE REPUBLIEK (1860-1863)

Volgens die Vrystaatse grondwet is vir landdroshowe met beperkte bevoegdheid voorsiening gemaak¹. Met groter jurisdiksie as die landdroshof was die Hof van Landdros en Heemrade wat in elke distrik voorgekom het terwyl die Rondgaande Hof, bestaande uit drie landdroste, jurisdiksie „in alle Civiele Zaken”² en in kriminele sake „voor-eenige Misdad of Overtreding hoegenaamd” gepleeg, sou hê.³ Alle kriminele sake moes deur ’n jurie verhoor word⁴ en in gevalle waar die doodstraf opgelê is, moes dit deur die President bekragtig word.⁵ Die Romeins-Hollandse reg is as grondslag van die regspleging aanvaar.⁶

Die grondwet het aanvanklik nie vir ’n Appèlhof voorsiening gemaak nie. In 1854 het die Volksraad besluit dat die Staatspresident en Uitvoerende Raad as Appèlhof teen die besluite van die Rondgaande Hof sal dien.⁷

Ten opsigte van die stand van die howe en die regspraak was daar groot leemtes. *The Friend* het verklaar dat die Volksraad onverskillig is omtrent „eene goede inrigting onzer geregtshoven en omtrent de geschiktheid der persoënen, die zy roept om daarin zitting te nemen”.⁸ Die toestand blyk uit ’n sitting wat die Rondgaande Hof op Winburg gehou het. Landdros Papenfus kon die sitting nie bywoon nie en by gebrek aan ’n landdros het ’n jong boer van die distrik, Wessels, wat geen regs-kennis gehad het nie, sitting gaan neem.⁹

Ewe onoordeelkundig was die aanstelling van J. J. Venter as voorsitter van die Appèlhof toe president Pretorius die Volksraad versoek het om hom van die voorsitterskap van die Appèlhof te onthef. Venter het geen regs-kennis gehad nie. Die aanstelling van ’n nie-regseleerde in die hoogste regterlike betrekking sou ontevredenheid veroorsaak en daar die aanstelling die owerheidsgesag kon skaad, het die Volksraad dit gerade geag om die aanstelling van Venter

1. Vgl. *Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Oranje-Vrystaat No. 1*, arts. XLV en XLVIII, p. 199; Fourie, P. C., *Die administrasie van die Oranje-Vrystaat tot 1859 in die Argiefjaarboek vir S.A. Geskiedenis*, Ses-en-twintigste Jaargang, 1963, Deel II, (Kaapstad, 1964), pp. 193-195.
2. Vgl. *Ibid.*, p. 195; *Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Oranje-Vrystaat No. 2*, Ordonnansie 1 van 1856, art. 1 van *Belangende de Regterlyke Magt*, p. 269.
3. *Ibid.*, art. 2, p. 269.
4. *Ibid.*
5. *Ibid.*, arts. 11 en 12, p. 270.
6. *Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Oranje-Vrystaat No. 1*, art. LVII van *Mengel Onderwerpen*, p. 200.
7. *Volksraadsnotule*, 8-9-1854.
8. *The Friend*, 22-2-1861. Hoofartikel.
9. *Ibid.*

terug te trek. Pretorius het hom ook weer bereid verklaar om as voorsitter van dié hof op te tree.¹⁰

Pretorius wou die Vrystaatse regspleging op 'n gesonder voet plaas. In Julie 1862 het hy tydens 'n amptelike besoek aan Kaapstad die amp van Hoofregter vir die Vrystaat aan advokaat J. H. Brand aangebied en hom versoek om sy voorwaardes te stel sodat hy dit aan die Volksraad kon voorlê.¹¹ Brand was bereid om die betrekking te aanvaar mits die aanstelling op dieselfde voorwaardes as die van 'n Kaapse regter sou geskied.¹² In dieselfde jaar het Pretorius die beginsel van regterlike hervorming aan die Volksraad voorgelê, maar die aangeleentheid is tot die volgende sitting uitgestel.¹³

In Desember 1862 het 'n ontwerp-ordonnansie van „Het Hooge Hof van Appel” in die goewermentskoerant verskyn. Dié hof sou uit 'n bekwame regsgeleerde bestaan met die titel van „Regter van het Hooge Hof van Appel” en sou deur die Staatspresident met advies en toestemming van die Uitvoerende Raad benoem word, onderworpe aan die goedkeuring van die Volksraad. Die hof sou bevoeg wees „tot de finale herziening en uitspraak of andere beslissing van alle uitspraken van lagere hoven en regterlyke ambtenaren”.¹⁴

Pretorius se ordonnansie is egter nie deur die Volksraad aanvaar nie daar die Raad hom nie met die uitgawe aan so 'n aanstelling verbonde, kon vereenselwig nie.¹⁵

Ten einde die toelating en beheer van regspraktisyns behoorlik te kontroleer, is wetgewing in 1862 aangeneem waardeur 'n kommissie aangestel sou word, benoem deur die president, wat sou bestaan uit minstens drie en meestens vyf lede met 'n regsagtergrond.¹⁶ Die kommissie sou belas wees met „het doen van onderzoek aangaande de bekwaamheden en het gedrag van personen die, als notarissen of als agenten voor de Lagere Geregthoven, verlangen te worden toegelaten, en aangaande klagten betreffende dezulke die als zoodanig zijn toegelaten”.¹⁷

-
10. Vgl. *V.R.-Bylaag, 11, 1861*, Memorie van Erasmus en andere, Smithfield, 23-2-1861, p. 184; Memorie van Fichardt en andere, 20-2-1861, p. 188; Verslag van kommissie, 1-3-1861, pp. 181-183; *The Friend*, 22-2-1861, 8-3-1861; *Volksraadsnotule*, 1-3-1861.
 11. *V.R.-Bylaag, III, 1862*, Allison aan Brand, 4-7-1863, p. 113.
 12. *G.S. 1214*, Brand aan Allison, 5-7-1862; *V.R.-Bylaag, III, 1862*, pp. 114-120.
 13. Vgl. *Volksraadsnotule*, 29-9-1862, Openingsrede, art. 3 en 30-9-1862.
 14. *Goewermentskoerant*, 24-12-1862, Vol. VI, No. 301, art. 2.
 15. *Volksraadsnotule*, 16-2-1863.
 16. Vgl. *Ibid.*, 4-3-1862: *Ordonnantie-Boek van den Oranjevrijstaat, 1854-1880*, Ordonnansie no. 1, 1862, art. 1, p. 184.
 17. *Ibid.*, art. 2, p. 184.

Elke advokaat, prokureur, notaris of agent wat wou praktiseer, moes by die Staatspresident aansoek doen.¹⁸ Persone wat teen die toelating van die aansoeker was, kon skriftelike besware by die voorsitter van die kommissie inhandig.¹⁹ Wanneer klagte van wangedrag oor 'n regspraktisyn aanhangig gemaak word, sou dit na die kommissie verwys word wat die klag sou ondersoek en die aangeklaagde sou verhoor.²⁰ Die kommissie daarenteen was aan die president vir hul werksaamhede verantwoordelik.²¹ Verder het die ordonnansie bepaal dat om as prokureur, advokaat, notaris of agent toegelaat te word, twee betroubare borge die bedrag van R1,000 aan die staat moes waarborg.²²

Die regspleging het gedurende hierdie tydperk dus reeds die beginsels van 'n onafhanklike regbank nagestreef.

J. C. M. Venter.

18. *Ibid.*, art. 3, p. 184.

19. *Ibid.*, art. 5, p. 184.

20. *Ibid.*, art. 6, p. 184.

21. *Ibid.*, art. 8, p. 184.

22. *Ibid.*, art. 11, p. 184.